| 24 April | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 26 APRIL 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds Hendrik Saayman

Joh 10:1-18

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Heinrich Carstens

Joh 10:1-16

LIG | DEERNIS | HOOP







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

Gebruik gerus SnapScan om jou offergawe te gee.







## Lidmate wat voorbidding nodig het....

Annette Bester (Sb1)

**KERKKANTOOR** *ure*

Maandag - Vrydag 10:00 - 13:00

**KONTAK** *besonderhede*

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

# Program vir die week

## 26 April - 1 Mei 2026

### Dinsdag 28 April

***09:00*** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

***11:30*** Gerimed Biduur

***16:30*** KM Gebedsgroep (Kapel)

### Woensdag 29 April

***09:00*** Barmhartigheidsbediening (TYD-kuierruimte)

***17:00*** Dissipelskapreis (Hangklipkerk)

***18:30*** Dissipelskapreis (Kleinmondkerk)

### Donderdag 30 April

***06:00*** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

### Maandag 27 April

**Vryheidsdag**

Kerkkantoor gesluit

### Vrydag 1 Mei

**Werkersdag**

Kerkkantoor gesluit

## Gebedsgroepe

*Van die begin af het die Skepper verlang na kommunikasie tussen Hom en die mens. Met sy leuens het Satan hierdie getroue afspraak in die aandwindjie, kom versuur. Sedert daardie dag vermy die mens God se geselskap. Nadat Jesus, die Lewende Woord, hierdie verhouding kom herstel het, is daar 'n verlange by Sy kinders om die bak vol wierook voor Sy troon te vul met ons gebede; om Hom op te soek in alle vorms van gebed, ook gesamentlik as gemeente. Kom beleef saam die wandel met God*

# NUWE INTREKKERS

*Attestate ontvang van:*

**Stephanus Johannes en Erida van Deventer** van Oberholzer-Wes (**Ba1a**)

**Rudolf Nel van Boesmanland (BB4)**

**Theunis Christoffel** van Vishoek en **Carissa Nortjé** van Uitsig- Bloemfontein **(HK3)**

**Anna-Marie van Zyl** van Utrecht **(KP1)**

**Rinze Hotze en Ronell Antionette Wouda** van Krugersdorp-Noord **(BB2)**

**Jacoba Maria Bierman** van Bethlehem-Noord **(PM3)**

*welkom*

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.

Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

## Geloofsvorming




As gevolg van die langnaweke, kuier ons eers weer saam op **Sondag 10 Mei**

Vir alle kinders en gesinne

# Ouerskapsverlof

Dr Stephan Naudé is met verlof vir die geboorte van hulle dogtertjie.
Skakel gerus die kerkkantoor of vir ds Heinrich met enige gemeentesake.





# Finansies

Baie dankie aan elke lidmaat wat getrou die gemeente se werksaamhede deur hulle offervaardigheid ondersteun.



Ons sal na finalisering van die finansiële state weer volledige terugvoer gee oor die gemeente se finansies van die afgelope jaar, asook die begroting vir die huidige finansiële jaar.

# Kerknuus...

Bydraes van Kommissies en Bedieninge vir opname in die Eerste Gelui en Kerkklok moet asseblief voor Woensdagmiddae om 17:00 na die kerkkantoor deurgestuur word.

Kogelberg se Getuienis

# ONS STAP WEER VIR SENDING SATERDAG 23 MEI 2026

Daar is nou reeds duidelike tekens van geesdrif onder gemeentelede wanneer van verlede jaar se Stap vir Sending gepraat word.

Ons gemeente se beursie voorsien maandeliks 'n deel van die lewenskoste van 6 individue wat in diens van die Here staan, en is ook 'n finansiële hulp vir 'n verdere 6 organisasies of bedieninge wat elkeen 'n getuienisaksie is en ook nood verlig.

Die gemeente se Getuienisaksie vra mooi dat die stap op 23 Mei weer so 'n groot prioriteit moet wees soos dit verlede jaar was. Kom stap asb. saam en nooi mense om jou te borg vir 'n bedrag van hulle keuse.

Teken asb. solank die datum aan. Borgvorms sal volgende Sondag by al drie eredienspunte beskikbaar wees, en gedurende die week by die kerkkantoor.

Daar is weer twee roetes in Kleinmond, een in Bettysbaai en een in Pringlebaai.



## SÓ BOU ONS BRÛE!

Een Saterdagmiddag per maand trek 'n groep vroue van die VGK- en Kogelberggemeentes die voordeur agter hulle toe om gesellig en geestelik opbouend saam te kuier.

Dis reeds langer as 'n kwarteeu dat die uitreik-aksie voortgaan en daar het deur die jare reeds 'n stewige liefdesband tussen die vroue onderling omtstaan en gegroei.

Die meegaande foto's is die afgelope Saterdagmiddag geneem, toe die maandelikse byeenkoms by die VGK gehou is.

Elza Marais van ons gemeente, wat die GriefShare-kursus op Maandae aanbied, het die vroue toegespreek oor die rouproses en mites wat daaroor bestaan.











Agapé-vrouegroep

## Weeklikse Gebedsgroepe




## Mannebediening






# EKO-bediening

Bid op die berg -Jean's Hill

-Kom ontmoet God in stilte-

**3 Mei om 12:00**

Stap op eie tyd na Jeans Hill
Of ontmoet by Fellowship-gemeente aan bo-punt van 6e Straat. om 11:30
Bring: hoed, water, kussing

*"Lig jou oë op na die berge..."*
eko-bediening



## NOG ENKELE KAARTJIES BESKIKBAAR



## Winterhoop




## Kogelberg Warm-wintermark




## Kerkkantoor



# Pinkster 2026

## Die Heilige Gees vorm ons lewe

**Pinkster 2026 - NG Gemeente Kogelberg**

Donderdag 14 Mei 2026
**Die Gees is vir ons gegee**
*Handelinge 1:1-11*

Sondag 17 Mei 2026
**Die Gees vorm ons lewe**
*Handelinge 2:1-4 & 17-21*

Maandag 18 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons deernisvol**
*Kolossense 3:12*

Dinsdag 19 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons diensbaar**
*Galasiërs 5:13*

Woensdag 20 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons doelgerig**
*Efesiërs 2:10*

Donderdag 21 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons dankbaar**
*Galasiërs 5:13*

Sondag 24 Mei 2026
***Ons lewe... 'n fees vir die Gees***
*1 Korintiërs 12:3b-13*


## Die Heilige Gees vorm ons lewe

**Pinkster 2026 - NG Gemeente Kogelberg**


Ons bied hierdie jaar ons Pinksterreeks aan deur 'n oggendreeks in Kleinmondkerk te hou en 'n aandreeks in Hangklipkerk, behalwe op die twee Sondae wat daar by Kleinmondkerk en Hangklipkerk 'n erediens om 09:00 sal wees.
Skakel gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

| Datum | Kleinmond | Liturg | Hangklip | Liturg |
|---|---|---|---|---|
| Do 14 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 17 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 09:00 | Hendrik Saayman |
| Ma 18 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Di 19 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Wo 20 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Do 21 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 24 Mei | 09:00 | Stephan Naudé | 09:00 | Heinrich Carstens |

## VAKATURE

## KOSTER-FAKTOTUM NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van faktotum vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Mei 2026 om 24:00**

Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele** sluit in:

- 'n Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die faktotum verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die faktotum sal aan die Eiendomskommissie en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Sekuriteit
- Bestuur en instandhouding van eiendom tesame met die eiendomskommissie.
- Gereedmaak van die kerk vir eredienste en ander aktiwiteite.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Basiese tegniese vaardighede om klein nood herstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en verkieslik 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

**Diensaanvaarding: 1 Julie 2026.**



# PSD: GEMEENTEBEGELEIDING

## STELLENBOSCH

Die Sinode van Wes-Kaapland stel hiermee 'n vakature bekend vir die voltydse pos van ***PSD: Gemeentebegeleiding*** by die Stellenbosch-kantoor.

**Primêre verantwoordelikhede**

- Koördinering en integrering van die aanbod van die totale sinodale struktuur ten opsigte van begeleiding aan gemeentes in die sinodale gebied
- Fasilitering van begeleidingsprosesse (gemeentes, ringe, sinodale struktuur)
- Ontwikkeling van netwerke ten einde gemeentes en ringe te bemagtig
- Opleiding en koördinering van gemeentebegeleiers in samewerking met ander diensgroepe van sinode
- Ontwikkeling van begeleidingsprosesse en hulpmiddels vir gemeentes

**Minimum Vereistes**

- Toepaslike nagraadse kwalifikasie in Teologie
- Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk
- Bewese ervaring in gemeentes / kerklike omgewing
- Gevorderde kennis van missionale ekklesiologie
- Bereidwilligheid om deurlopend te reis na gemeentes en ringe in die sinode gebied
- Bewese fasiliteringservaring en vaardighede
- Hoë vlakke van emosionele intelligensie
- Deelnemende bestuurstyl / spanspeler
- Bekwaamheid om verhoudings en netwerke te bou en spanne te vorm
- Goed ontwikkelde finansiële insig en syfervaardigheid
- Goeie insig en toepassing van kerkreg met betrekking tot gemeentebegeleiding
- Uitstekende tweetalige kommunikasievaardighede (Afrikaans en Engels)
- Sterk organisatoriese, bestuurs- en administratiewe vaardigheid

**Sluitingsdatum:**
7 Mei 2026 om 16:00

**Diensaanvaardingsdatum:**
1 Augustus 2026

**Navrae:**
Die volledige **posbeskrywing** kan by Elmien Theron verkry word – ngkadmin@kaapkerk.co.za

Ds. Marinus Theron
Kontakbesonderhede: 082 325 2171 of marinus@kaapkerk.co.za

**Aansoekproses:**
Die aansoekvorm en advertensie kan by die volgende skakel gevind word:
https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/

Stuur die **aansoekvorm** saam met 'n **volledige CV** aan:
Hulpbronbeampte (Elmien Theron) – ngkadmin@kaapkerk.co.za

KAAPKERK
NG KERK IN SUID-AFRIKA

# ADMINISTRATIEWE BEAMPTE:
## MEDIES & MODERATUUR
## SINODE VAN WES-KAAPLAND

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) stel hiermee 'n vakature bekend vir 'n **halfdag permanente posisie** van ***Administratiewe Beampte: Medies & Moderatuur***, standplaas Brackenfell-kantoor. Die pos is 'n dubbele rol wat eerstens verantwoordelik is vir die suksesvolle en effektiewe bestuur en bedryf van die totale mediese skema voorkantoor, en tweedens vir die lewering van effektiewe sekretariële en ondersteuningsdienste aan die Moderamen en Moderatuur.

**Verantwoordelikhede**

- Dien as kontakpersoon vir lede m.b.t. navrae insake mediese skema, subsidie en gapingsdekking en koördineer in oorleg met diensverskaffers
- Behartig administrasie i.t.v. mediese skema, subsidie en gapingsdekking aansoekvorms en statusveranderinge
- Verseker dat mediese lede databasis op datum bly
- Hanteer mediese rekonsiliasies en betalings
- Administreer ongevalle versekeringseise
- Bied administratiewe ondersteuning aan moderatuur (afsprake, reis- en verblyfreëlings, databasisse, aankope, vergaderings, skakeling ens.)

**Minimum Vereistes**

- Matrieksertifikaat (Graad 12)
- Bewese vorige ervaring (minimum 3 jaar) in administrasie
- Uitstekende tweetalige kommunikasievaardighede (Afrikaans en Engels)
- Detail georiënteerde werkstyl met goeie tydbestuur en uitstekende organisatoriese / administratiewe vaardighede
- Vermoë om selfstandig en onafhanklik te werk
- Uitstekende tegnologiese en rekenaarvaardigheid
- Vermoë om goed onder druk te funksioneer en konflik te bestuur
- Uitstekende interpersoonlike- en kommunikasievaardighede
- Vermoë om behoeftes te bepaal en opdragte uit te voer
- Goeie numeriese- / syfervaardighede
- Professioneel en toeganklike persoonlikheid
- Spanspeler en vermoë om binne 'n span te werk
- Etiese en waardegedrewe lewensbeskouing en handhawing van Christelike waardes

**Sluitingsdatum:**
5 Mei 2026 teen 12:00 namiddag

**Diensaanvaardingsdatum:**
1 Junie 2026 of so spoedig daarna.

**Navrae:**
Die volledige **posbeskrywing** kan by Elmien Theron verkry word – ngkadmin@kaapkerk.co.za

Ds. Lenois Stander
Kontakbesonderhede: 084 627 9543 of lenois@kaapkerk.co.za

**Aansoekproses:**
Die **aansoekvorm** en **advertensie** kan by die volgende skakel gevind word:
https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/
Stuur die **aansoekvorm** saam met 'n **volledige CV** aan:
Hulpbronbeampte (Elmien Theron) – ngkadmin@kaapkerk.co.za

**Vergoeding:**
Markverwante vergoeding sal bepaal word volgens die bestaande riglyne van die Sinode van Wes-Kaapland asook gebaseer op ondervinding en kwalifikasies van die aansoeker.

# KOGELBERG

## WARM-WINTERMARK

Pannekoek | Basaarpoeding
Hamburgers | Kerrie & Rys | Sosaties
Lewerkoekies | Sop- & Broodtafel
Omgee-boetiek | Plante | Boeke
Wit Olifante | Oom Sakkie se winkel
& 'n verskeidenheid markstalletjies
Potjiekoskompetisie

## & gratis koffie

NG KERKSAAL - KLEINMOND

25 JUNIE 16:00-20:00

26 JUNIE 10:00-20:00

27 JUNIE 08:00-14:00

# KOGELBERG

## Warm-Wintermark

### Oraginiseerders

| | |
|---|---|
| Basaarpoeding | Ninnie - 082 419 2938 |
| | Marietjie - 082 661 1862 |
| Boeke | Alta - 083 270 5698 |
| Hamburgers | Trudie - 082 457 6447 |
| Kerrie & Rys | Marius - 082 573 3790 |
| Koffie | Wolf - 082 823 6821 |
| Lewerkoekies | Ninnie - 082 419 2938 |
| Markstalletjies | Amanda - 082 453 8000 |
| Omgee-boetiek | Corrie - 084 877 5356 |
| Plante | Adele - 074 760 5305 |
| Soptafel | Sandra - 083 308 6170 |
| Sosaties | Hester - 079 511 2058 |
| Wit Olifante | Kerkkantoor - 028 271 3470 |

ONS HET JOU HULP NODIG: VOORBEREIDING; HULP BY DIE STALLETJIES; DONASIES VAN ITEMS, PRODUKTE OF KONTANT

# Gebedsgeleentheid

## Saamdink, saampraat en saambid

**Dinsdagoggend 21 April 2026 11h00**



*Met liefde gemaak deur Joanne*













# Kommissie vir Kerkkantoor-sake en Kommunikasie Vergadering

Dinsdagmiddag 21 April 2026 14h00

Met liefde gemaak deur Joanne













# Veels Geluk...

## Saterdag 25 April

Fanie Groenewald 083 226 1654 (Sa1)
Zoë Koegelenberg (Bb4)
Tinkie Neser 082 781 8029 (HK1)
Jaco Stemmet 072 128 8488 (Bb4)
Ral van den Berg 083 302 9336 (BB6)
Christiaan van den Heever (Sc2)
Vlam van Vreden (Ba1a)

## Sondag 26 April

Rinie Bekker 083 459 1036 (HK1)
Niël de Kock 082 770 4931 (Sb4)
Charl de Wit 082 041 9288 (PM5)
Nico du Preez 082 888 1468 (Sc2)

## Maandag 27 April

Ilse Beukes 083 373 4364 (HK3)
Isobel Le Roux 072 867 1395 (Sc4)
Francois Marais (Sc3)
Reynhardt Marais (Sc3)
Erika van Niekerk 082 429 4830 (Sb4)

## Dinsdag 28 April

Joepie Engelbrecht 078 035 6035 (Sa4)
Susan Groenewald 072 265 9829 (HK2)
André van Der Walt 083 286 0435 (Bb4)
Hildie van Wyk 072 203 1799 (KB1)
Thea Snyman 074 701 6850 (KB5)

## Woensdag 29 April

Marais Stofberg 083 303 0304 (RE)
Leslie van Zyl 073 000 7189 (PM5)

## Donderdag 30 April

Tilla Boonzaaier 082 064 2094 (Sb3)
Jeanne-Marié Carstens 083 415 9804 (Sb4)
Louis Fourie 082 822 2112 (KB4)
Bertie Loubser 082 771 0919 (Sa4)
Hanlie van der Westhuizen 067 653 3363 (KB2)
Franco Venter (Ba1b)
Serina Vencent5 073 224 5898 (BB4)






## GROEPGESPREKKE | 26 APRIL - 2 MEI 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Vertel mekaar van die troeteldier wat jy as kind gehad het. Vertel die groeplede van die beste troeteldier wat jy al ooit gehad het of waarvoor jy die liefste was.
- Hoe het daardie troeteldier gereageer as s/hy jou stem hoor?

**2. Ons storie nou...**
- Hoe sal jy vir mense verduidelik hoe jy die Here se stem hoor? Wanneer het jy die eerste keer geweet jy hoor Jesus se stem? As jy daarmee sukkel, moenie bang of skaam wees om dit met die groep te deel nie. Jy is nie alleen nie.
- Hoe neem jy besluite oor morele of etiese kwessies? Hoe laat jy toe dat die Here jou daarin lei?

**3. God se storie...**
Lees Johannes 10:1-16 twee keer saam deur as groep uit twee verskillende vertalings en gesels oor die metafore/beelde wat gebruik word.
  - Wie is die herder (met ‘n kleinletter)?
  - Wie is die Herder (met ‘n hoofletter)?
  - Wie is die skape?
  - Wie is die vreemdeling?
  - Waarna verwys die kraal?
- Hoe reageer die skaap teenoor die herder?
- Wat sê dit vir jou van die Fariseërs wat nie Jesus se woorde verstaan nie?
- Op watter manier is Jesus die ingang na die kraal?
- Na wie verwys die “diewe en die rowers”? Hoekom is Jesus nie soos hulle is nie.
- “Jesus help ons om met oorvloed (abundance-mentality) te lewe. Somtyds lewe ons egter asof ons tekort het (scarcity mentality).” Gesels oor hierdie stelling en oor wat hierdie *oorvloed* presies beteken.

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Hoe kan jy seker wees dat jy God se stem reg hoor?
- Hoe help die karaktereienskappe van God (soos ons dit in die Bybel vind) ons om God se stem te onderskei?
- Wat beteken dit prakties om Jesus se stem te volg?
- Watter “ander stemme” kompeteer vir jou aandag?
- Hoe laat dit jou voel as jy hoor dat Jesus die Goeie Herder is en dat jy deur Hom opgepas en versorg word?

- Hoe lyk die verskil tussen 'n goeie herder en 'n huurling vandag?
- Hoe kan ons, as dissipels, ook "herders" wees vir ander?
- Hoe kan jy hierdie week uit die Goeie Herder se oorvloed lewe?
- Jesus praat van "ander skape"... Wat beteken dit vir sending en inklusiwiteit?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede waar julle bid.**
Bid saam:
- Dat ons Jesus se stem duideliker sal hoor.
- Dat ons getroue dissipels sal wees.
- Dat ons diensbare leiers sal wees wat ander liefhet en lei soos Hy.

**Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 27 April 2026 – Johannes 10:1-16
- Dinsdag 28 April 2026 – Psalm 31:1-5 & 15-16
- Woensdag 29 April 2026 – Handelinge 7:55-60
- Donderdag 30 April 2026 – Johannes 14:1-14
- Vrydag 1 Mei 2026 – 1 Petrus 2:1-10
- Saterdag 2 Mei 2026 – 1 Petrus 2:1-10